**Vrydag 24 Maart**
**Skrifgedeelte: Johannes 1:1-14**
**Fokusgedeelte: Johannes 1:14 (AFR33/53)**
**Genade is die neerbuigende liefde van God teenoor koningskinders**

Soos ons woorde ons gedagtes en hart openbaar, so openbaar Christus (die Woord) God se gedagtes en hart aan die mens. Jesus maak dit vir ons ook 'n werklikheid in sy woorde in Johannes 14:9. *"Hy wat My gesien het, het die Vader gesien."* In sy groot voorsienigheid en genade het God sy enigste Seun laat vlees word, Hy het mens geword, en onder ons kom woon. Ons staan voor die groot vraag: "Waarom het Jesus mens geword?" Jesus het uit liefde vir my en jou Homself verneder tot 'n stoflike mens, maar ook verder as 'n dienskneg vir die mense.

Genade onbeskryflik groot! Uit genade het God aan ons sy Seun gegee as dienskneg, en as dienskneg het Hy dan ook vir ons sonde gesterf en betaal. So het God Hom afgebuig na die mens in die mensheid van Christus om vir ons die verlossing van die sonde en die dood te bewerk.

Daarom is ons koningskinders, kinders van die lewende Koning, Jesus Christus. Sonder die sien en besef van die genadedaad van God in en deur Jesus Christus kan ons nie deel kry in die verlossing en heerlikheid nie. Ons verdien niks uit die hand van die lewende God nie, ons kan nie. Maar uit genade en liefde vir ons alleen ontvang ons alles en meer.

Gaan na jou Vader in gebed en dank Hom vir sy genade en liefde in Jesus Christus vir jou verlossing. Smeek Hom om jou gedagtes en hart te vestig op die genade wat jy daagliks onverdiend ontvang in die heilige Naam van Christus Jesus, sy enigste Seun.

*Sing: Skrifberyming 10 (5-4):1, 2, 5, 6*
*Ds. HM Stavast (Herman) (Piet Retief)*